Jou persoonlike gebedskontrolelys

Die volgende is 'n werkkaart en kontrolekaart vir jou persoonlike gebedslewe. Gaan die vrae een vir een deur en kontroleer jou eie gebedslewe. Bepaal waar jy in die praktyk met jou gebedslewe staan.

I. Het jy 'n stil plek waar jy ongesteurd met die Here kan verkeer?

Nee Ja

2. Watter tye is jou daaglikse vaste gebedstye?

Is dit tye wanneer jy wakker en uitgerus is sodat jy werklik effektief kan bid'?

Nee Ja

3. Hou julle huisgodsdiens (indien getroud)? Nee Ja

Die tyd wanneer ons huisgodsdiens hou/gaan hou:

4. Hoe bly jy op hoogte van (nuwe) sake vir voorbidding?

Luister jy nuus en lees jy koerant vir sake vir gebed?

Nee Ja

Gebruik jy die boek **Operation World** (Patrick Johnstone) vir gebed, of **You can change the world** (Jill Johnstone) in die geval van huisgesinne?

Nee Ja

Het jy kontak met ander gebedsgroepe en voorbidders?

Nee Ja

Ontvang jy gebedsbriewe of nuusbriewe van sendelinge, sendingorganisasies en ander organisasies of aksies wat gebedsinligting beskikbaar stel?

Nee Ja

Indien jou gemeente 'n gebedsbulletin het of sake vir voorbidding op die afkondigings aangee, bid jy weekliks daarvoor?

Nee Ja

Die volgende is enkele organisasies waarby jy kan inskakel vir meer gebedsinligting:

Operasie Mobilisasie, P/s X03, Lynnwoodrif, 0040;
Jerigo Mure, P/s X22; Lynnwoodrif, 0040;
Campus Crusade for Christ, Posbus 40181, Arcadia, 000l;
Every Home for Christ, Posbus 7256, Hennopsmeer, 0046;
Geopende Deure, Bus 990099, Kiblerpark, 2053;
Overseas Missionary Fellowship, Bus 53041, Kenliworth, 7745;
Japansending, Posbus 2007, Pretoria, 0001.

5. Bid jy vir die volgende sake: jou eie geestelike groei___ jou familie ___ jou gesin ___ jou gemeente ___ jou dorp/stad ___ die regering en politieke leiers ___ ongeredde mense ___sendelinge/sendingaksies/sendingorganisasies ___ herlewing ___

6. Die volgende dinge sal bydra tot 'n meer effektiewe gebedslewe:

   * Lees geestelike boeke oor gebed;
   * Woon gebedseminare by;
   * Bid saam met ander gelowiges.

7. Vorm die volgende elemente van gebed deel van die inhoud van jou gebede: aanbidding ___ lofprysing ___danksegging ___ voorbidding ___ sondebelydenis/verootmoediging ___ gebed om leiding ___ persoonlike versoeke ___ oordenking vanuit die Skrif ___ geestelike oorlogvoering ___

8. Vra die volgende vrae aan jouself en toets jou gebedslewe daaraan:

   a. Is jou gebede kort en kragtig? Ja/Nee
   b. Is jy nederig wanneer jy bid? Ja/Nee
   c. Is jou gebede spesifiek? Ja/Nee
   d. Is jou gebede Skriftuurlik, volgens die wil van God? Ja/Nee
   e. Bid jy met geloof en dankbaarheid? Ja/Nee
   f. Bid jy met erns, met intensiteit? Ja/Nee
   g. Verwag jy 'n antwoord op jou gebede? Ja/Nee
   h. Is jou gebede deurweek met aanhalings uit die Bybel? Ja/Nee
   i. Hou jy God se eie woorde aan Hom voor in jou gebede? Ja/Nee

9. Maak jy gebruik van 'n gebedsboek of gebedslyste waarin jy die sake neerskryf waarvoor jy bid?

‘n Voorbeeld van 'n gebedsboek bladsy:

Datum	**Gebedsversoek**	**Antwoord**	**Datum**